16 Mei Johannes 13:1 -17 en 31-35

(Teks: 13:35)

Weet die wêreld?

JY MOET WEET:

- of jy lidmaat is van die ware kerk, 'n kerk wat kan beantwoord aan:
  - Suiwer Bybelse prediking.
  - Suiwere bediening van die sakramente
  - Suiwere toepassing van die tug.
- of jy 'n volgeling van Jesus Christus is. Iemand wat kan beantwoord aan: (vergelyk NGB art. 29)
  - Die geloof dat jy die enigste Verlosser Jesus Christus aangeneem het.
  - Dat jy daarna die sonde ontvlug, die geregtigheid najaag, die ware God en ons naaste liefhet, nie regs of links afwyk nie en jou sondige natuur met sy werke kruisig.

DIE WÊRELD MOET OOK WEET:

- of jy 'n kind van die Here is. Hulle sal dit kan sien as ons as gelowiges mekaar liefhet, sê Jesus, die Koning van die Kerk. Tydens die voetwassing van die dissipels het Hy gewys hoe Hy sy eie mense tot die uiterste toe liefgehad het. Hy was bereid om op 'n nederige wyse diensbaar te wees.

  Dit was net die voorloop van wat nog sou volg, naamlik dat Hy Homself sou verneder tot aan die kruis om in ons plek te sterf en so al die skuld van ons liefdeloosheid op Hom te neem. Nou besit ons Gees wat ons in staat stel om in dankbaarheid hierdie liefdesweg opnuut in te slaan.

Op watter wyse het jy die afgelope tyd aan die wêreld getoon dat jy 'n Christen is? Ons is geroepe om nederig en selfs met opofferings mekaar bemoedigend, troostend en vermanend by te staan sodat ons as kerk waarlik 'n duidelik sigbare en ligdraende stad op 'n berg sal wees, waarvan die wêreld kennis sal neem en God sal verheerlik.

Sing Ps. 26:1 en 7 Ds. S.A. Cilliers (Silverton)